KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 259 **18 Mei 2009**

TOULEIER

Jy kan sien Arabiere het op kamele geleer motorbestuur

Toe ek die week Greeff se griffel en lei opneem en weer na Doha se verkeer wou neig, dink ek aan Kamermaatjie se woorde:

"Ai, al waaroor almal hier in Doha deesdae kan gesels, is die verkeer. 'n Mens is nou al moeg daarvan om aldag en heeldag te hoor hoe verkeerd die verkeer hier is. Dink net n bietjie 'n slag aan al daai minibusse en slaggate waaraan jy ontsnap het!"

Ons twee het toe 'n verdrag gesluit dat ek nie gaan knor en kla oor die manier wat hierdie Arabiere ry nie, veral nie terwyl sy saam met my ry nie. Dit gaan moeilik, maar ek probeer.

Ek het begin om my kop om 'n paar gewoontes van die ringkop lakendraers te kry. Om darem heeltemal regverdig te wees teenoor ons gashere, 'n groot hoeveelheid van padvarke (al vark wat nog nie hier verban is nie) is van Indiese herkoms. Apaches, soos Christo Van Wyk hulle noem.

Hulle koop seker net so maklik 'n lisensie as wat hulle 'n graad koop. Nogtans word tagtig persent van die ongelukke hier in Doha veroorsaak deur net twintig persent van die bevolking, nl. Katari- bestuurders.

Verkeerstoneel in Katar

Die meeste van hulle was tien jaar gelede nog sandruiters. Dus hanteer die meeste van hulle nog hulle motors soos kamele. As 'n mens eers dit besef, gaan dit sommer baie makliker om te verstaan waarom hulle so vreemd optree.

Irritasie nommer een: 95 persent van die Katari's ry Toyota Land Cruisers. Hulle storm van agter op 'n mens af met hulle Katari Kamele en flits dan aanhoudend ligte dat jy moet padgee voor.

Nou sê ek vir myself: "Self," sê ek, "hierdie mense se '*kamele*' het nie brieke nie. As hy opklim en die leisels vat, dan laat wiel daai kameel. En hy moet klou om bo te bly. Die voete is dus stewig vasgeskop teen die vloerplaat, met die petrolpedaal vasgepen onder die een voet. Hierdie kameel is nou haastig op pad na die volgende watergat. Gee pad voor!"

Irritasie nommer twee: Sodra die ligte groen slaan word daar toeter gedruk agter jou. Maak nie saak dat daar nog tien motors voor jou is nie.

Terug na die kameel analogie. As 'n mens met 'n trop kamele op reis is, loop hulle mos tradisioneel in 'n lang, reguit lyn, en wanneer die eerste een begin loop, moet al die sandruiters gelyk op hulle kamele begin skree sodat hulle solank in die ry kan inval.

Irritasie nommer drie: Insny en indruk voor jou. Eers het ek mos veilig in Afrikaans geswets en uiting gegee aan my gevoelens. Nou besef ek dat kamele nie bane ken nie, of padskouers hoef te eerbiedig nie. 'n Mens moet net sorg dat jy eerste by die volgende oasis kom voor die water uitgesuip is. Jou ratser en groter en vinniger kameel sal sorg dat jy voor in die trop beland. As jy dit oorleef.

Dis nou wel louter onsin maar dit help tog met die stresvlakke. Ek het begin rustiger te raak. Net elke keer onthou hoekom ek hier is.

Soos 'n Amerikaanse vriend nou die aand sê as enige iemand meen hy is in Doha vir enigiets anders as geld, moet jy versigtig wees vir hom. Hy kan dalk oor ander goed ook lieg.

Hennie Greeff
UITGEWER VAN KAMMANUUS
Doha, Katar

ROELFIE
SLAAT RAAK

✣ Laer kan dit nie

NOU ja, is daar nog iets nuuts oor die verkiesing te sê - behalwe dat daar maar net weer gewys word hoe gebrekkig die swart meerderheid se begrip van 'n demokrasie is?
Verkiesings is oukei, en almal mag stem. Maar as die party waarvan hulle nie hou nie wen, dan dreig hulle om die wêreld onregeerbaar te maak. Soos in die Wes-Kaap.

En omdat daar geen sweem van korrupsie aan Helen Zille kleef nie, word sy as 'n hoereerder bestempel wanneer haar kabinet net uit mans bestaan.
►Die politiek kan baie laag daal, maar Roelfie weet nie van laer nie.

✣ Ander gesigte

DIE ampseed wat Jakob Stortkop en sy horde comrades in die parlement afgelê het, is dieselfde een wat die spul wat by al die ander korrupsie - ook die reisskandaal - betrokke was, afgelê het.
Dieselfde mentaliteit, net ander gesigte.

En daar word nou skielik hoog opgegee oor optredes teen korrupsie, swak dienslewering en 'n afwesige werksetiek. Die land gaan nou vinnig reggeruk word, sê Jakob.
► Hopelik vinniger as wat dit die spul soustrogvrate geneem het om uit hul sitplekke orent te kom.

✣ Tronkvoëls juig

IEMAND het gesê 'n kameel is 'n resiesperd wat deur 'n komitee geteel is, en dit is ook van toepassing op Zuma se houtkas.

Hoera dat skarminkels soos Miesies Mango Sjokolade-Piesang uitgewerp is, maar wat 'n bonte versameling vryemarkers, sosialiste, kommuniste en ander linkses is daar nie in die oorgroot houtkas van 62 lede nie!

Roelfie se spioene berig dat tronkvoëls dwarsoor Duskantland gejuig het toe Neuskoors Mapisa-Nqakula verwyder is uit die rioolplaas waarin sy binnelandse sake verander het en die baas van tronke gemaak is.

Hulle koppe werk glo so: As sy bereid was om die Zimbaapwiese grens vir almal met 'n foto-ID oop te gooi, kan sy dit dalk ook met tronkdeure doen.

►En in die proses sommer haar eerste sukses behaal deur 'n einde te maak aan die oorbevolking in die tronke.

✣ Rooies slaan die kitaar

IN die nuwe houtkas kruip die Rooies ook nie meer onder die kooi weg nie: Hulle slaan die kitaar.
Die SAKP-voorsitter Gwede Mantashe is nou ANC-baas, Blade Nzimande (skets) is 'n minister, Jeremy Cronin is 'n adjunk, en so hou die lys aan.

Tot Boetie Mallemeule, die Kommuniste se sandputkinders se sekreris, is nou sommer 'n lid van die volkiesraad gemaak.

► Wat 'n mens laat wonder: Wie bestuur nou die kommuniste?

✣ Stalinistiese klankie

INTUSSEN is die deksel so effens gelig op die regering se "nuwe oorlogsplan teen misdaad." Duisende werklose jeug, en daar is sowat 2.6 miljoen, gaan opleiding kry, van flitsligte en uniforms voorsien word en 'n salaris verdien. Hul misdaadrekords sal darem glo ook vooraf nagegaan word.
Twee loodsprojekte is glo al aan die gang gesit, maar word weer in die voet geskiet deur die skynbaaar onvermydelike Afrika-pandemie genaamd gebrekkige vooruitbeplanning. Hulle kort vervoer, koeëlvaste baadjies, handboeie en knuppels. Tans is al wapen 'n flitslig. En selfs 'n flitslig met vol batterye kom nie ver teen 'n dief nie.
Dit lyk ook of jy nie sal kan nee sê as die regering vir jou dié joppie aanbied nie, want daar sal glo "opgetree word teen jonges wat weier om deel van die projek te word en verkies om skelms te bly."

► Klink nogal amper Stalinisties, of hoe?

Allegaartjie

Die Drie Varkies

'n Ware verhaal oor die gedagtegang van 'n sesjarige.

Hulle breine werk tog só logies!

Die onderwyseres was besig om die storie van Die Drie Varkies vir die klas te lees. Sy kom by die deel waar die eerste varkie probeer om boumateriaal vir sy huisie te kry.

Sy lees:

"En die varkie stap toe na 'n man met 'n kruiwa vol strooi, en sê: 'Verskoon my, meneer, mag ek van jou strooi kry om my huisie te bou?'"

Sy maak 'n pouse, en vra die klas: "En wat dink julle het die man gesê?"

'n Seuntjie steek sy hand op, en sê ewe nonchalant: "Ek dink die man sou gesê het: 'Liewe genugtig! 'n Vark wat kan praat?'"

In Bangkok . . . Is daar sommer baie gebruike vir 'n motorfiets!

SPRINGBOK-JAG

Mike en Kallie het gaan springbokke jag, en skiet ses. Met die laai van die vliegtuigie waarsku die vlieënier dat hulle net vier met veiligheid kan laai.
"Nonsens, man," sê Kallie. "Ons het verlede jaar ook ses geskiet, en die vlieënier het toegelaat dat ons al ses laai. Dit was presies dieselfde soort vliegtuig."
Die vlieënier het teen sy sin bes gegee, en al ses gelaai. Maar selfs op vol krag kon die vliegtuigie nie die vrag hanteer nie, en stort neer. Gelukkig oorleef Mike en Kallie die ongeluk.
Hulle klim uit, en Kallie vra vir Mike: "Het jy enige idee waar ons is?"
"Ja," sê Mike. "Ek dink ons is baie naby aan die plek waar ons verlede jaar neergestort het."

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO

Boere-oorlog uit 'n ander hoek

Deur Lappe Laubscher

Ek luister nou die aand na die ghoeroe oor die Anglo-Boere-oorlog, prof. Fransjohan Pretorius.

Hy het vertel dat, so losweg bereken, daar aan die einde van die oorlog aan die Boerekant so een derde van die manne nog in die veld was. Nog een derde was krygsgevangenes en so ?n derde het voor die einde van die oorlog reeds die wapen neergelê.

Hy het beklemtoon dat dit sommer so rofweg die geval was en nou nie gereken moet word as presiese syfers tot in die fynste besonderheid nie. Niemand kan daarmee verskil nie.

Nou vertel 'n vriend wat somme en statistiek verstaan - ek hoop so, want hy is 'n aktuaris - dat 'n mens op dié basis kan reken dat min of meer die helfte van die Boere wat krygsgevangene geneem is, tot aan die einde in die veld sou bly.

Andersom, min of meer die helfte sou voor die einde van die oorlog begin vrede soek het.

Die prentjie lyk dan so: Van die Boere wat die oorlog begin het, het net die helfte tot die einde getrou gebly.

Breek 'n mens dié syfers verder op, kom daar 'n interessante prentjie na vore.

Die Boere wat oorgegee het, moet weer verder in twee groepe verdeel word. Die een groep is dié wat net opgehou veg het en huis toe is. Die bekendstes onder dié manne is genl. Hendrik Schoeman. Sy kleinseun sou later in die kabinet dien.

Dan was daar ook die klomp Vrystaters aan die oosgrens wat vroeg in die oorlog na Lesotho uitgewyk het. Onder dié se nageslag tel 'n latere staatspresident.

Onder dié wat ophou baklei het, is daar nog 'n groep. Dit was dié wat aktief aan die kant van die Engelse, teen hulle eie mense, tot die stryd toegetree het. Die bekendste onder die klomp was genl. Piet de Wet van die Vrystaat.

Die klomp wat tot die einde in die veld gebly het, kan ook in twee verdeel word. Die groot meerderheid het teen Mei 1902 gevoel die tyd vir vrede het aangebreek. Onder hulle was die bekendstes generaals Louis Botha, Jan Smuts, Koos de la Rey en Jaap van Deventer.

'n Groep, wat generaals C.R. de Wet, C.F. Beyers, Manie Maritz en Jan Kemp ingesluit het, het vrede gesien as 'n kans vir asemskep. Hulle wou, wanneer die geleentheid daar was, die oorlog hervat.

Hierdie manne sou die leierskorps van die 1914-rebellie uitmaak.

En dan het Langenhoven gevra dat ons tog asseblief die erwe van ons vadere vir ons kinders moet hou.

Hoe nou so, Neelsie?

HOEKOM die Boere die oorlog verloor het - in 'n neutedop

Anders as die Engelse beroepsoldate, was die Boere hoofsaaklik landbouers wat min militêre dissipline geken of gerespekteer het.

Die Boere het 'n defensiewe oorlog geveg. Pleks van die hawens te beset en te voorkom dat voorrade, ammunisie en nog derduisende troepe die Kaap en Natal binnekom, het hulle stellings ingeneem en plekke soos Mafeking en Ladysmith beset en op die Engelse gewag.

Daar was geen strategie om die Natalse en die Westelike spoorlyn te beset en die Tommies se vervoerstelsel te kniehalter nie.

Die Boere is met ossewaens en hul gesinne oorlog toe, wat hul beweeglikheid - hul grootste bate - tot diep in die oorlog erg aan bande gelê het.

Anders as vir die Tommies, was daar geen strategiese bevoorrading vir die Boere nie. Dit het hulle ook ontbreek aan 'n stelsel om gevange Tommies aan te hou, en gevange soldate is vroeg in die oorlog reeds net weer vrygelaat.

Dié week se giggels

KORTPAD

Die bejaarde pasiënt was besig om by te kom ná sy operasie, en kyk vas in die gesig van die bekommerde chirurg.
"Ek vrees ek sal jou weer moet oopmaak," sê hy.
"Ek het my chirurgiese handskoene binne-in jou vergeet."
"Toemaar," mompel die pasiënt. "Los my net uit. Ek sal vir jou 'n nuwe paar koop."

"Die Poggenpoel-aanbod? Mnr. Nel is nou net besig om sy antwoord aan julle te faks."

DIE HUWELIK

- Die groot vraag wat ek nog nooit kon beantwoord nie is: Wat is dit wat 'n vrou wil hê? -- Dumas
- Daar is 'n manier om geld vinniger oor te dra as met 'n rekenaar of 'n OTM. 'n Mens noem dit die huwelik. -- Sam Kinison
- Die twee geheime vir 'n gelukkige huwelik: 1. As jy verkeerd is, erken dit. 2. As jy reg is, bly stil. -- Patrick Murra

MOTTEPLAAG

'n Vrou en haar skelmpie, 'n plaagbeheerbeampte op die dorp, is in die middel van 'n vuurwarm vryery toe sy haar man by die huis hoor inkom.

"Gou" sê sy benoud, "Klim in die klerekas!"

Voordat die vryer beswaar kan maak, boender sy hom in die kas - en daar sit hy toe, sonder 'n draad klere aan.

Die vrou se man ruik lont toe hy die deurmekaar bed sien, en hy begin die huis deursoek. Kort voor lank kry hy die skelmpie in die kas.

"Wie de hel is jy?" bulder die man.

"Ek is van Gee Goggas Gas, 'n plaagbeheeronderneming," sê die man verleë.

"Wat maak jy hier?" vra die man.

"Ek ondersoek 'n klagte van 'n kleremotplaag," dink die kêrel vinnig.

"En waar is jou klere?" vra die man.

Die ou kyk af na sy lyf en sê: "Sulke klein bliksempies!"

EKONOMIES

'n Onlangse studie deur Wits het gevind dat die gemiddelde Suid-Afrikaner 1 200 km per jaar loop.
'n Studie deur die Mediese Vereniging het gevind Suid-Afrikaners drink gemiddeld 100 liter alkohol jaarliks.
Dit beteken die gemiddelde Suid-Afrikaner kry ongeveer 12 km per liter.
Maak 'n mens trots om een van hulle te wees.

TYDSAAM

Piet: "Hoekom vat jy jou altyd net na nagklubs toe uit?"

Koos: "Dis al plekke wat oop is wanneer sy gereed is."

WAG EN KYK

Kallie en Mike gaan werk toe.

Kallie: "Sal ons die bus vat, of stap?"

Mike: "Kom ons kyk wat daag eerste op."

WET VAN DIE GEVOLG:

Wanneer jy aan iemand wil illustreer dat iets nie werk nie, sal dit werk.

PEANUTS deur Charles Schulz

Duskanlander in Anderkantland

Deur DAVID BIGGS

Een van die dinge wat ek glad nie mis as ek in vreemde lande toer nie, is die parkeerwagte by winkelsentrums.

Hier in Kanada, soos in die meeste Westerse lande, aanvaar almal dat jy heeltemal kapabel is om self 'n parkeerplek op die parkeerterrein te kry – sonder die hulp van 'n armswaaiende assistant wat waarskynlik netsoveel van parkeer weet as wat ek weet van Kroasiese banjospelers.

Ek vermoed dat die hele verskynsel van kar-oppassery 'n interessante vir 'n student in die ekonomie sal wees. Dit lyk of ons in Suid-Afrika 'n heel nuwe professie begin het om 'n probleem te hanteer wat in die eerste plek nie bestaan het nie. Ons vra onwillige klante om geld te betaal vir 'n diens wat hulle nie wil hê nie en wat gelewer word deur mense wat nie daarvoor opgelei is nie.

Die interessante ding omrent "motorwagte" is dat dit die laaste ding is wat hulle doen. Hulle swaai hul arms en hou hul hande uit vir geld. En as daar 'n kardief om die draai kom, sal die "motorwag" hom waarskynlik help om jou van jou wiele te verlos.

Ek het al by geleentheid my sleutels in my motor toegesluit, en die "motorwag" was elke keer die eerste persoon wat sy hulp met 'n stukkie gebuigde draad aangebied het – sonder om eers te vra wie se kar ons aan die oopsluit is!

◇ ◇ ◇

KOMENDE uit Suid-Afrika het ek my nie kon voorstel dat daar ander lande is wat so misdaadbewus soos ons is nie.

Maar hier in die vreedsame Calgary lyk dit of almal mekaar ewe gespanne dophou as tuis by ons. 'n Berig in die plaaslike koerant het gelui dat elke inwoner in die stad elke dag minstens 20 keer op 'n sekerheidskamera verskyn.

Die voorstedelike trein, skoolgronde, restourante en busse is almal met kameras toegerus.

Die ander ding wat my gefassineer het, is die wyse waarop ons almal skynbaar besig is om deel van een groot databasis te word, en nou praat ek nie eers van Facebook nie.

Toe ek onlangs inbespreek het vir 'n vlug van Londen na Calgary, moes ek net my paspoort vir 'n paar sekondes onder 'n aftaster hou. Nie my kaartjie nie, net die paspoort. Op een of ander manier het die rekenaar my herken en onmiddellik al die besonderhede van my vlug, sitpleknommer en vertrektyd uitgedruk.

Dan is daar die kwessie van bankkaarte. Jy druk jou Suid-Afrikaanse kaart in 'n masjientjie in 'n klein plattelandse winkeltjie in die woude van Noord-Vancouver, en hy sê of daar genoeg geld in jou rekening in Vishoek is om vir jou aartappel-skyfies in Kanada te betaal.

Sekerheidskameras? Wie gee om? Ons almal is in elk geval in daardie groot internasionale rekenaar se geheue.

◇ ◇ ◇

WAT my laat wonder hoekom ek in Suid-Afrika gereeld daardie hope amptelike vorms moet invul.

Elke keer as ek 'n TV-lisensie wil hê, 'n selfoon-kontrak sluit of steke in 'n vinger by die plaaslike hospitaal laat sit, moet ek wéér my ras, geslag, voorletters en van, straatadres, ID en telefoonnommer verstrek.

In die res van die wêreld toon ek net my paspoort, en hulle weet alles.

Te veel mense dink in terme van sekuriteit pleks van geleentheid. Dit lyk of hulle banger vir die lewe is as vir die dood.
-- James F. Byrnes (1879 - 1972)

My huwelik het sy goeie en slegte gehad, soos ons almal s'n. Maar toe puntjie by paaltjie kom, het ek geweet dit was solied. Ek mis daardie soort sekuriteit, en daardie soort konneksie met iemand.
-- John Scalzi, *Old Man's War*, 2005

MAKERIEPAS

Wat doen JP Nel vandag?

Deur Corinus du Toit

Dis 1976 in Angola en Operasie Savannah is in volle gang. Veggroep Orange stamp sy eerste teenstand in die vorm van loopgrawe weerskante van die pad. Pantserkarre lei die aanmars en in een van die heel voorstes sit JP Nel as Voorste Observasie Offisier (VOO) vir die artillerie.

'n Lekker vuurgeveg bars los en toe die stof gaan lê, hang daar vier drade van geleide Sagger tenkafweermissiele mooi netjies bo-oor JP se pantserkar. Al vier het te hoog getrek. Die eerste en enigste keer in Operasie Savannah wat die Angolese tenkafweermissiele gebruik het, was JP hul teiken.

'n Week of wat later sit JP as statiese waarnemer iewers op 'n koppie by die opgeblaasde brug van Cariango. FAPLA is in loopgrawe teen die steilte anderkant die brug ingegrawe en ons sit hierdie kant.

Verwonder ons aan die reuse pynappels in die lande en kry seer om te sien hoe UNITA prag beestroppe van gevlugde boere letterlik uitslag en lieflike plaashuise verniel. Anderkant die brug is daar 'n hoërige koppie wat in Transvaal as 'n berg sou kon deurgaan (maar die Bolanders weet van beter).

Skielik slaan stof agter die koppie uit en die volgende oomblik kom drie T34-tenks met 'n vaart daar omgejaag en begin sommer skiet. Die artillierie skakel een uit en die ander twee maak 'n haastige ommekeer en verdwyn weer agter die koppie.

Wie was hul teiken? Niemand anders as JP nie. Die enigste keer wat tenks in Savannah gebruik is, was teen hom.

Nou word JP eenkant na 'n flank toe geskuif om daar van 'n ordentlike hoogte wat selfs deur die Bolanders as sulks erken word, die omgewing te bespied. Ander oë sien hom egter ook raak en toe hy hom kom kry, is hy in 'n hewige skietgeveg met 'n vyandelike patrollie gewikkel.

Kom heelhuids daarvan af, maar weereens - die enigste keer wat voetsoldate 'n artillerie waarnemingspos aanval, is JP die teiken.

Artilleriste is nie bygelowig nie, maar drie keer is skeepsreg en nou word JP uit die gevegsone verwyder en heeltemal op 'n kant geplaas - vêr weg van enige aktiwiteite waar hy heeltemal veilig is.

Op 'n dag is daar 'n flikkering in die lug wat mettertyd as 'n MIG 17 vliegtuig sigbaar word. Dit vlieg lui oor die stellings en verdwyn in die rigting waar JP op sy koppie sit. In die verte hoor ons die klank van wapens, en reg geraai...

Die enigste keer waar 'n MIG 17 in Savannah figureer het, was die teiken JP. Hy is daarna teruggestuur Republiek toe.

Nou wonder ek net. Wat doen JP Nel met die res van sy lewe? Het hy sy persoonlike ongeluksvoël in Angola agtergelaat, of volg dit hom steeds?

YSLIKE MISVERSTAND

'n Man strompel by die hospitaal in met harsingskudding, verskeie kneuswonde, twee blou oë en 'n vyfyster netjies om sy keel gevou.

Natuurlik wil die dokter weet wat gebeur het.

"Wel," sê die man, "ek en my vrou het gholf gespeel, en ons albei het ons houe skeef getrek tussen 'n klomp weiende koeie in. Terwyl ons na ons balle soek, sien ek een van die koeie het iets wits in haar agterent.

"Ek het nader gestap, har stert gelig en jou wrintie, daar sit my vrou se gholfbal netjies ingeplant.

"Terwyl ek steeds die koei se stert in die lug hou, het ek vir my vrou geskree:

'Haai, dit lyk nes joune!'

"Ek onthou nie veel van wat daarna gebeur het nie . . ."

AFRIKAANS
is mos my taal

Die herkoms van uitdrukkings

DONKIEJARE
Donkiejare gelede, baie lanklaas.

Hierdie uitdrukking is 'n vertaling van 'n flater wat reeds in die Engelse weergawe gemaak is. Die uitdrukking lyk nou onlogies, aangesien 'n donkie nie daarvoor bekend is dat hy baie oud word nie (vergelyk met 'n skilpad).

In Engels is die uitdrukking "donkey's years", maar dit was oorspronklik "as long as a donkey's ears."

Dit is toe later verbrou tot "donkey's ears" en ons het dit slaafs in Afrikaans vertaal.

ORE AANSIT
Iemand uitoorlê.

In Nederland verwys dié ore na eselsore - dus om van iemand 'n esel te maak, om ie bos te lei so maklik as wat jy met 'n esel sal doen.

AMASONE
Groot, sterk en strydlustige vrou.
Volgens oorlewering was dit 'n vreeslose groep vroue met geamputeerde regterborste, sodat hulle 'n pyl en boog beter kan hanteer. Die Griekse woord "amozos" beteken "sonder bors."

DIE KOMMA

Hoe belangrik is daai leestekentjie, die komma, in jou skrywe? Sommer baie belangrik as jy nie tot misverstande aanleiding wil gee nie. Hierdie grafskrifskrywer het die komma verkeerd geplaas:

Hier lê begrawe my vrou Griet
In die hemel is sy niet,
In die hel dit weet ek wel

Pleks van

Hier lê begrawe my vrou Griet
In die hemel is sy, niet
in die hel, dit weet ek wel

So 'n bietjie PITKOS

AFRIKA SE VERSLAWING KOM 'N LANG PAD

"Afrika is verslaaf aan geldhulp en, soos enige verslaafde, is hy afhanklik van 'n gereelde regmaker," skryf **Dambisa Moyo** in 'n boek wat pas verskyn het. Moyo is 'n Zambiër met 'n Harvard- en Oxford-opvoeding en tot onlangs toe Goldman Sachs se voorste globale ekonoom en strateeg.

Moyo is skaamkwaad omdat die sowat $1 triljoen (sowat R9,6 triljoen) – $1 000 (sowat R9 600) vir elke mens vandag op aarde – wat sedert die 1940's in Afrika ingepomp is, min verskil gemaak het aan die vasteland se pandemiese agterlikheid.

Sy vergelyk Afrika se voortgesette ellende met die "oorweldigende sukses" wat met die Marshall-plan van net $100 miljard (sowat R960 miljard in vandag se waardes) behaal is om Europa ná die Tweede Wêreldoorlog te herbou. Moyo is genadeloos wanneer sy redes aanvoer vir Afrika se mislukkings.

Sy sê geldhulp het 'n gierige sirkelgang in Afrika tot gevolg gehad. "Met geldhulp het korrupsie verdere korrupsie gevoed."

Sy skryf dat geldhulp tot die burgeroorloë en staatsgrepe in Afrika lei.
Dié wat wen, wen toegang tot die geldpotte.

Moyo sê een van dié hulp se newe-effekte is dat dit inflasie in swak-bestuurde ekonomieë aanblaas. In ander gevalle "versmoor" geldhulp Afrika-lande se internasionale mededingendheid.

Sommige Afrika-lande het nie eens die kapasiteit het om die geld wat hulle leen of wat aan hul geskenk word, te bestee nie.
Amerika se belegging van R960 miljard in die Marshall-plan vir die heropbou van Europa het in 2009 van die EU sy grootste mededinger gemaak.

Hierteenoor het die R960 triljoen wat Afrika reeds ontvang het hom meer hulpbehoewend gemaak.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Ja-nee, ek hoop en vertrou dat dit met jul almal wel is. Ek het heerlike nuus: Ons was bevoorreg om weer vir amper drie weke in Namibië te gaan toer, en daardie land se mooi bly altyd in jou siel!

Dit is soos asemhaal en rooiwyn voor 'n kaggel . . . welbehaaglikheid op sy beste!

Met al die kampeerdery kan ek nie anders nie en hierdie rubriek moet handel oor KAMP en KAMPKOS! Ek wag vir jul kommentaar!

Die beste raad wat ek het, is om nooit te veel goed saam te piekel nie want die lekkerte lê dikwels verskuil in die planne wat jy moet beraam vir daardie "iets-maak-in-die-plek-van-iets-vergete!"

En my tweede beste raad? Geniet dit net! Alles, nes dit kom! Vergewe jouself jou deurmekaar kapsel, en jou doelbewuste vergeet van die tegnologiese eeu waarin ons leef, vergun jou net die luukse van 'n kamera, en die genade van Bo wat jou alles gun...

Sousie

Saam met ons kole-steak was die volgende sousie telkens die wenner:

Sny 1 ui, 1 pak sampioene,1 soetrissie in stukkies en braai in olie.
Roer daarby 1 klein houertjie room en kook oor stadige hitte.
Meng nou 2 kp melk met 1 pakkie Knorr / Royco Romerige kaassous en 1 pakkie swartepersous. Gooi dit by res van bestanddele in die pot. Roer tot weer opkook.
Heerlik!

Die *WEG*-tydskrif het so 'n tyd gelede 'n klein kampkos-boekie uitgegee, en ons het 'n paar daarvan uitgetoets.

Varktjops in foelie

6 stukke foelie
6 varktjops
botter
1 groot papat in skywe
2 appels in skywe met skil
sout en peper na smaak
suiker
gemmer

Smeer die foelie met botter. Braai tjops oor kole vinnig tot net bruin, en sit op foelie.
Sit skyfies patat en appels op elkeen, geur met die res van die bestanddele na smaak. Vou netjies toe en rooster verder oor warm kole vir sowat halfuur!

Askoek

1 kp bruismeel
1 tl bakpoeier
¼ tl sout
¼ tot ½ kp warm water
1 Etl Olie

Meng meel, bakpoeier en sout.
Meng water en olie in tot slap vormbare deeg. Rol in 'n bal, en druk plat.
Sit die "koek" op die kole en skep 'n paar kole bo-op.
Laat bak vir sowat halfuur. d as behoorlik af en voila!

Tot volgende keer!
Karoo-groete
Retha

•• Lesers kan self met Retha gaan gesels op haar eie werfie op Onsdorp. Jy gaan net na die volgende adres:
http://www.onsdorp.com/somaakmens.html

Kos is 'n belangrike deel van 'n gebalanseerde dieet.
-- Fran Lebowitz (1950 -)

STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

BASCH
jantrichardt@gmail.com Enige inligting oor die familie Basch?

BOUWER
gustavbouwer@freemail.it Ek soek meer inligting oor Bouwer-familiewapen. Oupa Bouwer was met Joie getroud.

DE JAGER
mariusdejager@ymail.com Gebore 1966 te Johannesburg. Seun van Pieter Jacobus de Jager. Hulle was 3 broers, Anthony, Morne en Gideon de Jager. Almal van Johannesburg.

FOURIE
mekuhn@dla.gov.za Besig met opstel van stamregister. Oumagrootjie (getroud met Fourie) was kleinniggie van Paul Kruger.

FOURIE
johan.jvrensburg@gmail.com My voorgeslagte het met die Fourie's getrou en was woonagtig in die Brits- Rustenburg-omgewing. Kontak my asb. Johan Janse van Rensburg.

GROBBELAAR
grob.hennie@gmail.com Frankfort gebore 1968. In Heilbron grootgeword.

LYON
hattys@telkomsa.net Soek na voorsate van die Lyon-familie. Beplan groot saamtrek. Laat hoor van julle.

NORTIER
nortierpm@vodamail.co.za Benodig inligting oor Nortiers en Nortje's van die Rooiheuwel-distrik, Oudtshoorn. Oupa was Stefanus Johannes Nortier of Nortje. Hy is gebore in 1890. Benodig inligting oor sy broers se nageslag.

OLIVIER
wynandolivier@yahoo.com Ek woon in Kokanje, net buite Nylstroom.

OOSTHUYZEN
johan.jvrensburg@gmail.com My voorvader was Lucas Willen Janse v Rensburg *1793 x Susanna Elisabeth Oosthuyzen. Help asseblief met hul Kinders en die Oosthuyzen-voorgeslagte.

REYNEKE
rentia@koshom.co.za Soek enige inligting rondom ons stamvader ADAM RYNEKE.

SMITH
fm.smith@nashuaisp.co.za
Ek het 'n stamboom op My Heritage.com en ondersoek Smith'e wat in die Sandveld gebly het - Clanwillian, Redelinghuys en Piketberg. Name: Jan Willem Frederik, Francois Jacobus Johannes.

SENEKAL
adelle.jerling@gmail.com Doen navorsing oor Senekal's in SA (en sommer buite SA). Besig om stamregister op te stel.

VAN STADEN
drflip@mweb.co.za Phillipus Jacobus van der Walt van Staden (II) Gebore in Rustenburg-distrik 1939; groei op in Pretoria; getroud met Engela du Preez; bestuur tans die Mizpah Jeugkamp naby Grabouw. Het reeds heelwat inligting oor ons tak van die familie.

VAN ZWEEL
ursulahvz@gmail.com Ek doen die afgelope 5 jaar intensiewe navorsing oor die Van Zweel-familie op soek na mense wat kan bydra tot my databasis sodat ons kan uitpluis hoe en waar ons aan mekaar verwant is.

WESSON
johan.jvrensburg@gmail.com My groot-oupagrootjie Johannes Lodewyk Janse v Rensburg *1819 was getroud met Sarah Maria Wesson. Ek is op soek na die Wesson-voorgeslagte, blykbaar vanuit die buiteland.

Die merkwaardigste ding omtrent my moeder is dat sy die gesin dertig jaar lank niks behalwe oorskietkos gevoer het nie. Die oorspronklike maaltyd is nooit gevind nie.
-- Calvin Trillin (1935 -)

Die plek van die vader in die moderne voorstedelike gesin is baie klein, veral as hy gholf speel.
-- Bertrand Russell (1872 - 1970)

BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

Regte feite oor Kanada

In Kammanuus 258 van 4 Mei is daar 'n stukkie oor Kanada wat my verdwaas het. Dit beweer dat Toronto en Montreal die twee groot stede van Fransprekende Quebec is.

Nee – nie so nie. Toronto is die hoofstad van Ontario, 'n Provinsie wat meerendeel Englelssprekend is. Toronto is 'n stad van vele nasies en kulture, miskien die mees kosmopolitaanse stad ter wereld. 50% van Torontonians is in ander lande gebore. Die meeste is van Engeland en Ierland, maar daar is groot populasies uit die res van die wereld. Binne Toronto se grense is daar Koreatown, Chinatown, Little Jamaica, Gerrard Street east (Indieers), Greektown, Portugal Village, Corso Italia en nog meer.

Engels is die hoof taal van Toronto, Ontario. Maar daar is groot groepe met ander tale – Sjinees, Portugees, Tamil, Persies, Urdu, Spaans, Punjabi en Italiaans. Kanada se tweede offisiale taal, Frans, word gepraat deur net omtrent 1.4% van die populasie in Toronto.

Op 24 Julie, 1967, terwyl Charles de Gaulle, President van Frankryk, by Expo 67 kom kuier het, het hy op 'n balkon van Montreal se stadsaal gestaan en geroep "Vive le Quebec Libre" – die wagwoord van 'n "Quebec Separatists party" – en hy word dadelik huistoe gestuur met 'n vlooi in sy oor.

Lester Pearson, die Eerste minister van kanada het op TV vir De Gaulle gese sy verklarings was ongevraagd en onaanvaarbaar vir die Kanadese populasie. Pierre Trudeau het gevra wat die Franse sou doen as die Kanadadese leier sou se "Brittany to the Bretons" op Franse TV. Charles de Gaulle was 'n groot leier – maar geen vriend van Kanada nie.

Hy het 'n yslike veldtog om in Kanada se politieke sake in te meng laat ontstaan. 'n Jaar na sy besoek het Rene Levesque die Parti Quebecois gestig en dit was die begin van groot oneenigheid in Kanada, baie probleme in Kanada tussen die 9 Engelsprekende Provinsies en Quebec.

Daar word tot vandag toe geglo dat Quebec meer aandag, meer geld en meer hulp van die Federale Government kry as die res van Kanada. Sulke gevoelens broei onraad. Tussen 1990 en 1995 is daar baie gepraat dat Quebec van die res van Kanada sou afstig, en dit het groot geldnood in die land veroorsaak – want waar politieke onstabiliteit is, daar bele die ander lande nie hul geld nie. In 1996 was daar 'n referendum, en met 'n baie klein meerderheid (54%) is besluit dat Quebec in Kanada sou bly. Sedertdien het dinge baie afgekoel.

Nou ja – Kanada is die land van "Political Correctness" en mag mens nie se wat jy dink nie. (Waar is free speech?). Maar tussen vriende word daar baie gese. As 'n bank beroof word, dan se hulle "Stuur hom terug Quebec toe", want tot onlangs was meeste rowers tog daarvandaan. Maar ons RCMP mag nie sulke statistieke behou nie. Die mense in Ontario veral, maar ook in die res van Kanada, is baie anti-Quebec, want ons voel hulle kry voorkeur in alles. Die Government is te bang en se nee – want dan sal Quebec dalk weer moles maak. 'n Kwessie van die stert wat die hond waai.

Het onlangs op haar kleindogter se bruilof met 'n vrou uit Montreal gesels. Al rede wat sy uit Quebec gekom het was vir die bruilof. Sy praat omtrent geen Engels nie (wie nie wil nie, kan nie) en se sy't gevoel of sy in 'n vreemde land is. En so voel ons in Quebec. Hulle winkels mag nie Engelse advertensies toon nie, die mense wil nie Engels praat nie, en as jy gebroke Frans met hulle praat, maak hulle of hulle jou nie hoor nie. Wie is nou regtig meer onbeskof as 'n Fransman? 'n Quebequois.

So – dit is nie 'n land van vrede nie. Dit is Kanada – vol mense. En waar mense is, is daar stryd.

'n Slaptjip loop by 'n kroeg in en bestel 'n bier. "Jammer," sê die kroegman, "ons bedien nie kos nie."

AGTEROS

Dominie bring toe sy kant

Deur ANDRÉ DIPPENAAR

"Spreek hy 'n seën oor daai stomme broer uit lat die man se kuite later sulke lang krampe gee van staan."

LAG ons die troppie mofskape wat stof-stof waterkrip toe aansukkel onder donkiegeskal agterna. Begin versit ons huis se kant toe vir bietjie koffie. So innie loop skinner oompie Doors verder.

"Manne, noulat ons die een preek loop staan en herkou het, loop dink ek mos aan daai slag met oorle ou dominie Viljee. Verkondig die ou mos Evangelie daar op 'n plekkie innie Karoo in. Issie gemeente kol-kol maar half luierig om van die breë weg af narie smal kant weggekeer te word.

Lykie kerk maar party Sondae alteveel na 'n misoesmielie. Sit daar net so hier en daar 'n pit of twee. Soveel so lat daar op 'n mooi Sondagmôre net een ou oom virrie diens loop staan en aanmeld"

Wil dominie Viljee sommer loop staan en kortpad vat. Sê virrie broeder hulle twee moet sommer innie konsistorie Boekevat, saam bid en huis se kant toe staan. Issie ou oom opslag eintlik halstarrig van vroomgeid. Reken die ou net so:

"Dominie, ek is 'n skaapboer. As net een van my honnerd skape saans kraal toe kom, loop staan en raak ekkie vrekkig mettie lusern samie. Ek gee vir daai een skaap voer. Dis hoekom ek vamôre hier kom aanmeld het. Om geestelike voer te kom kry."

So strip dominie se moer soos 'n geroeste skanierskroef wat jy met 'n waterpomptang probeer losdraai. Jaag hy die broer opslag die Huis binne.

Trekkie herder weg mettie aanhef gesang. Psalm 119. Allie verse.

Leesie ou uitie Skrif. Psalm 119. Allie verse. Honnerd-ses-en-sewentig van hulle.

"Vattie ou vers 9 assie teksvers virrie dag. Loop haal hy vir hom doer ver, byrie nag van verwekking, kom stap hy met hom van moederskoot af reg deurie laerskool, by katkisasie, aanneming, voorstelling en matriekafskeid verby en gaan los hy die jongeling byrie universiteit se hoofhek. Hou hy die pad suiwerder as bokmelk wat deur 'n stuk kaasdoek loop staan en filter is."

"Vattie ou die broer padlanges deur die Heidelbergse Katakombes, laatie die broer sy geloof hardop bely, loop draai met hom kort deuskant die Vatikaan om, kom hy met hom langpad deur Dordrecht se spul reëls en regulasies en kom halt hy met hom reg agter die punt aanie einde van Eksodus 20 se sewentiende vers.

Laat sing die ou die slotsang se al vyf versies. Spreek hy 'n seën oor daai stomme broer uit lat die man se kuite later sulke lang krampe gee van staan. Lyk soos kruipmolle wat onner die ou se kuitvelle op en af staan en hol."

Weet oompie Doors te vertel lat daai diens 'n hele ent meer as vier-en-'n-driekwart uur vannie Sondag loop staan en verinneweer het. Soveel so lat die Sinode dit as 'n rekord laat staan en opteken het. Glo die meeste diens virrie minste mens innie geskiedenis vannie Christendom. By die Paleis van Justisie in Pretoria of by die Ontvanger van Inkomste aangeteken. Of waar ookal die kerk se wenpreke geregistreer mog word. Maar aangeteken, is dit aangeteken. Volgens oompie Doors.

Loop staan en waggie broer vir dominie byrie konsistorie se buitedeur in. Loop staan en kykie ou hom agkantig innie oë. Sê die ou vir dominie: "Dominie", sê die ou, "lyk my Dominie verstaan die ding nie so lekker nie. Ek het gesê ek is 'n skaapboer. Ek

het gesê as ek honnerd skape het en net een van daai honnerd skape kom kraal toe, dan loop staan ek en gee daai een skaap voer. Ek hettie gesê ek loop staan en donner al honnerd se voer in sy bak innie!"

Toe't die ou omdraai na sy Studebaker bakkie toe, toe loop staan en trek die koster die toue virrie eerste gelui vannie aanddiens. Vertel oompie Doors.

Kammanuus verskyn weer op
1 JUNIE